

15 NOVEMBER 2020

## Gr R tot Gr 3



En as jy dwaal, **kies** weer!

### Rigters 4:1-7

Neem saam:

- Balle om mee te juggle
- Besem of verestowwer
- Inkleurkryte of potlode
- Afdrukke van hanswors prent

#### voorbereiding

**OPENINGSGEBED:**  
vra vir een van die kinders  
om te open met gebed.

#### bid tyd

Van van julle was as by 'n sirkus  
vertoning? Of weet wat 'n sirkus is of  
het al 'n sirkus op die televisie gekyk?  
Watter van die toertjies of die diere was  
vir julle die beste?

*Gee aan die kinders die geleentheid  
om hul ervaringe te deel met die groep.*

Die toertjies wat die mense in die sirkus doen, lyk dalk maklik, maar  
wanneer mens dit by die huis probeer, dan is die nie so maklik nie.  
Daardie mense oefen baie hard. Maar kom ons probeer tog paar van  
die toertjies doen.

Juggle die balle.

*Neem 2 of 3 balle en probeer daarmee juggle. Gooi een in die lug, ruil  
die ander een in jou hand om en gooi hom in die lug terwyl jy die eerste  
probeer vang. Dalk is dit maklik met 2 maar 3 of meer balle raak al  
moeliker.*

Balanseer die besem of verestowwer.

*Neem 'n besem of verestowwer en probeer dit balanseer terwyl die  
punt van die stok in jou hand steek en besem of verestowwer gedeelte  
bo in die lug is. Die geheim van die balanseer toertjie is om jou oë  
heelyd op die bo-punt van die besem te hou. Wanneer jy daar bo*

*fokus, kan jy die stok of besem  
balanseer, maar wanneer jy jou oë  
laat sak, dan val die stok om.*

Laat die kinders ook van die  
toertjies probeer.

Al lyk van die toertjies dalk maklik  
wanneer die mense in die sirkus dit doen, vat dit baie oefening en  
konsentrasie vir die hanswors en sikrus mense om die toertjies reg te  
kry. Hulle weet ook presies wat om te doen en waarvoor om te kyk en  
waarvoor om versigtig te wees.

Selfs toe jy met jou eerste skopfiets probeer ry het, het hy dit nie die  
eerste keer reg gekry nie. Jy moes weer en weer probeer en wanneer  
jy geval het, moes jy maar weer opklim. Later kon jy 'n 3 wiel fiets ry,  
en toe 'n groot fiets met kant wielietjies en dalk kan jy nou al sonder  
kant wielietjies ry. Dit kom nie net vanself om op 'n fiets te klim en te ry  
nie, maar vat baie oefening. En hoe meer jy oefen, hoe beter raak jy.

Hierdie liedere is slegs voorstelle.  
Sing gerus iets wat meer bekend is.

**Liedjie: Weet jy dat Jesus jou liefhet**

Weet jy dat Jesus jou liefhet  
Weet jy dat Hy baie van jou hou  
Sommer net soos wat jy is  
Want jy's kosbaar en spesiaal vir Hom

Weet jy dat Jesus jou Vriend is  
Weet jy dat Hy altyd sal hoor  
As jy Hom vra om jou te wys  
Hoe kosbaar en spesiaal jy vir Hom is

**Liedboek 548 Ek weet Jesus lewe**  
Ek weet Jesus lewe, daarom is ek bly  
Selfs wanneer ek bang is, weet ek Hy's naby.

Jesus is my Koning en van alles Heer  
Ek kan Hom vertel van al my pyn en seer.

Self wanneer ek stout is, of my sleg gedra  
Sal Hy my vergewe as ek Hom dit vra.

Ek weet Jesus lewe, daarom is ek bly  
Ek is nooit alleen nie, Hy is saam met my.

#### gesels tyd (vervolg)

#### sing tyd

## BYBEL tyd

Verlede week het ons geleer van Josua wat gesê het, hy en sy huis gaan die Here dien. Die volk moes kies of hulle God gaan dien of afgode gaan dien. Hulle het gekies om God te dien en dit het met hulle goed gegaan.

Toe het jare verby gegaan en al die mense wat belowe het om God te dien was al dood. En toe kies die volk weer verkeerd. Al sien hulle dat God hulle seën as hulle Hom dien, kies hulle weer om afgode te dien. En daar gebeur dit toe dat God ophou om hulle te seën en dinge gaan al slegter met hulle.

In die boek Rigters in die ou Testament van die Bybel, lees ons dat daar weer oorloë uitbreek het en mense het met mekaar baklei omdat hulle nie meer vir God gedien het nie. Maar God kies nooit teen ons nie. Hy is vir ons te lief. Hy bly getrou.

Jesus het toe rigter vir die volk gegee. Rigters was mense wat vir die volk Israel raad moes gee oor wat hulle moet doen om weer gehoorsaam te wees aan God.

In Rigters hoofstuk 4, sien ons dat die volk weer wegdwaal, maar Debora, 'n rigter, deel die goeie nuus, dat as Israel weer kies om God te gehoorsaam, sal Hy hulle red.

Kom ons lees hiervan in die Bybel.  
*Lees vir die kinders voor uit Rig.4:1-7*

Ons sien in vers 1 dat die volk gedoen het wat verkeerd was in die oë van die Here, en toe gaan dit sleg met hulle. En in die laaste stukkie van vers 3 sê dit dat hulle toe weer terug gedraai het na God toe en in vers 7 dat God hulle weer toe laat wen.

Dit is soos om die besem op jou hand te balanseer. As jy jou oë van die bo punt van die besem afhaal, sal die besem val. Maar wanneer jy jou oë op die bo punt hou, sal die stok balanseer.

Wanneer ons ons oë op God hou, en doen wat Hy vra, sal Hy ons seën. Maar wanneer ons verkeerd kies, beteken dit nie dat God nie meer daar is nie. Nee, Hy bly getrou. Maar Hy kan ons nie seën as ons nie ons oë op Hom hou en vir Hom kies nie.

Gelukkig is God vir ons baie lief. Wanneer ons besef ons was verkeerd en ons bid en vra dat God ons moet vergewe en help om weer Sy wil te doen, dan help Hy ons en kan Hy ons weer seën.

Ons het altyd 'n keuse om die regte of die verkeerde te doen. Wanneer ons reg kies, sal ons gelukkig wees. Maar wanneer ons verkeerd kies, sal dinge ook nie goed gaan met ons nie.

## doen & leer tyd

### Hou jou oë op Jesus


Gee weer aan die kinders geleentheid om te oefen om te Juggle en die besem te balanseer.

Herinner hulle daaraan om altyd hulle oë op Jesus te hou en te doen wat Hy vra. En wanneer hulle besef dat hulle verkeerde keuses gemaak het, moet hulle tot God bid en jammer sê.

Maak afdrukke van die prent op die volgende bladsy en kleur dit in.

## groet tyd

Dankie Jesus dat U vir my lief is.  
Dankie dat U my vergewe  
wanneer ek jammer is oor  
verkeerde keuses. Dankie dat u  
altyd lief bly vir my.  
Amen



Hou jou oë op Jesus!

